GEBEURLIKHEIDSPLAN VIR KOSHUISLEERDERS SE TERUGKEER NA COVID-19 INPERKING

1. STELSELS EN REËLING

1.1 Koshuis en personeel

- Kamers en fasiliteite word skoongemaak en volgens voorskrifte gesaniteer.
- Handreiniger beskikbaar by alle ingange in eet- en studiesaal.
- Kennisgewings rakende die Covid-19 virus word opgesit rakende basiese higiëne, simptome en voorsorgmaatreëls.
- Aankoop van PBT vir werkers en personeel, asook termometer.
- Werkers en personeel / huisouers ontvang opleiding rakende die Covid-19 virus. Dinsdag, 26/05/2020 wat onder andere insluit:

    - Identifisering van simptome;
    - Prosedure indien ’n koshuisleerder simptome toon;
    - Persoonlike higiëne om die verspreiding van die virus te voorkom;
    - Daaglikse roetine en veiligheidsmaatreëls.

1.2 Koshuisleerders en ouers/voogde

- Ouers moet vooraf die koshuis in kennis stel indien hul kind nie sou terugkeer.
- Geen koshuisleerder mag terugkeer indien hy die simptome toon of in kontak met iemand was, wat positief getoets het vir die virus in die laaste twee weke nie.
- Ouers se reëlings moet van so aard wees dat hulle hul kind dadelik kan kom haal indien hy simptome toon of die inperkingstyd weer heringestel sou word.
- Koshuisleerders moet onderneem om die maatreëls wat by die koshuis ingestel is, nougeset na te kom.
- Koshuisleerders word voorsien van 2 lap gesigmaskers deur die DvBO. Dit sal egter raadsaam wees indien leerders addisionele maskers saambring.

2. SLAAPREËLINGS

- Koshuisleerders word alleen in die kamers ingedeel vir die terugkeer van Gr. 12 leeders.
- Herindeling sal gedoen word soos wat graadgroepe terugkeer.
  Indien koshuisleerders kamers moet deel namate die hoeveelheid groei sal streng reëlings in plek gestel word om sosiale afstand te handhaaf.
- **Koshuisleerders moet net die nodige saambring en elke naweek ontruim.**
- Koshuisleerders wat nie oor die naweke kan ontruim nie, se ouers moet toestemming by die Koshuismoeder kry.
- **Koshuisleerders mag nie oor en weer by mekaar kuier nie.**

Met dank aan Afrikaans Hoër Seunskool vir formaat

3. ETEREËLINGS

- Etenstye sal per graad aangepas word soos die getalle toeneem. Tye sal op die kennisgewingborde verskyn.
- Binne eetsaal sal slegs 3 koshuisleerders per tafel toegelaat word. Die diensdoenende personeellid kontroleer die reëling in die eetsaal om goeie orde te handhaaf.
- Aantree in eetsaal sal die sosiale afstand van 1,5 meter gehandhaaf word. Die diensdoenende personeellid kontroleer die koshuisleerders om goeie orde te handhaaf.

4. BADKAMERREËLINGS

- Streng beperking sal geplaas word op aantal leerders per badkamer.
- Leerder moet bly by badkamer waar hy/sy ingedeel is.

5. KONTROLE

- Kontrolelyste sal aangepas word met elke graad-groep wat terugkeer en kamers sal heringedeel word.
- Personeel aan diens bly verantwoordelik vir finale opsomming en kontrole. Studie register word gebruik soos normaal.
- Koshuisraad neem verantwoordelikheid vir die leerders op sy/haar gang.
- **Die toetsing van elke koshuisleerder se temperatuur sal soggens en saans plaasvind.**
- Presensie sal deur die personeel aan diens hanteer word.

6. VRYETYDSBESTEDING

- Ontspanningsaal sal gesluit wees.
- Die gebruik van die fasiliteite op die skoolterrein sal vasgestel word deur die skoolhoof. Reëlings sal deurgegee word.
- Geen koshuisleerder mag die terrein verlaat nie.
- Beleid vir ekstra klasse nie by skool sal deurgegee word. Leerder moet toestemming by koshuismoeder ontvang.
- Koshuisleerders mag nie in groepe vergader nie.

7. AANKOMSTYE

- Datums, aankomstye en aflaaipunte sal aan die ouers deurgegee word. Gr.12 Sondag 31 Mei: 16:00 – 19:00 klein blou hek en voordeur.
- Maandag oggend. Slegs by klein blou hekkie en dan by kombuisdeur aanmeld waar Matrone sifting sal hanteer en temperatuur neem.
- Met aankoms sal koshuisleerders ’n temperatuur toets ondergaan by ’n aangewese punt.
- **Geen ouer word op die koshuisterrein toegelaat nie. Net tot by blou hekkie.**
- **Koshuisleerders moet ’n gesigmasker met hul aankoms aanhê.**

Met dank aan Afrikaans Hoër Seunskool vir formaat

8. ALGEMEEN – KOSHUISLEERDERS

- Leerders moet ten alle tye die voorgeskrewe afstand tussen mekaar handhaaf.
- Leerders moet gereeld hul hande was en die handreiniger by ingange gebruik.
- Geen persoonlike items mag bymekaar geleen en gebruik word nie.
- Leerders wat simptome van die Covid-19 virus toon, moet dadelik by ’n personeellid aanmeld. So ’n leerder sal dadelik na die isolasiekamer geneem word waar hy sal bly totdat verdere reëlings getref is. Ouers sal dadelik geskakel word asook die Departement se Gesondheidswerker om dit aan te meld.
- Leerders moet ten alle tye, wanneer hul buite hul kamers beweeg, ’n gesigmasker dra, Geigskerms is ook aanvaarbaar.
- Leerders moet nie onnodig aan hoë risiko oppervlaktes raak nie bv. Trapreëlings en andere.
- Daar sal streng opgetree word teen enige leerder wat nie by die regulasies hou nie. Die koshuisouer sal indien nodig so ’n leerder se ouers in kennis stel om hom dadelik van die terrein af te verwyder.

9. INWONENDE PERSONEEL EN WERKERS

- Inwonende personeel is verantwoordelik vir die veiligheid van hulle gesinne. Kontak met koshuisleerders moet vermy word.
- Werkers ontvang die nodige PBT en toebehore wat hulle ten alle tye moet dra.
- Werkers se temperatuur sal daagliks, met hul aankoms, geneem word.
- Werkers moet die voorgeskrewe veilige afstand tussen mekaar handhaaf en gereeld hul hande was.

10. AFLEWERINGS EN KONTRAKTEURS

- Daar word van alle afleweringpersoneel en kontrakteurs verwag om die regulasies soos deur die regering bepaal noukeurig na te kom.
- Koshuispersoneel moet dit deeglik monitor en moontlike risiko’s rapporteer.

Ons sien uit om julle te ontvang.

Baie dankie

MEV. L. JACOBS
KOSHUISMOEDER

MNR. P.P. SAUER
SUPERINTENDENT

Met dank aan Afrikaans Hoër Seunskool vir formaat